Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut
EDULIS

Verwysing: 20211025-6994
Lêerno.: 12/17/9
Navrae: T Cloete

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituutminuut: 0006/2021

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Gespesialiseerde Leerder- en Opvoeder-ondersteuningspersoneel, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by openbare skole

Onderwerp: Viering van Internasionale Skoolbiblioteekmaand (ISBM)

1. Gedurende Oktober 2021 sal skoolbiblioteke in Suid-Afrika en regoor die wêreld biblioteek- en inligtingsdienste by skole vier en bevorder.

2. Ter viering van ISBM, het die Wes-Kaapse Minister van Onderwys besluit om alle skole, onderwysers en leerders van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) te betrek. Leerders sal die geleentheid kry om hul gevoelens uit te druk, hul eie ervarings met die COVID-19 pandemie te deel, en terselfdertyd hulpbronne vir hul skoolbiblioteke te wen.

3. Die Onderwysbiblioteek en Inligtingsdienste (EDULIS), in samewerking met die Kantoor van die Ministerie van Onderwys, sal ses van die WKOD se skole die geleentheid bied om skoolbiblioteekhulpbronne ter waarde van R150 000 te wen.

4. Die uiteensetting is soos volg:
   - Drie sekondêre skole sal elk R25 000 ontvang vir suksesvolle inskrywings in Engels, Afrikaans en Xhosa.
   - Drie primêre skole sal elk R25 000 ontvang vir suksesvolle inskrywings in Engels, Afrikaans en Xhosa.

5. Ter erkenning van die impak wat COVID-19 op leerders van die WKOD, hul gesinne, vriende en skole gehad het, is die tema van hierdie kompetisie "My pad met COVID-19". Die kompetisie bied 'n besonderse geleentheid aan leerders om hulself uit te druk deur die gebruik van poësie, met die bykomende voordeel om hul kreatiewe skryfkuns te gebruik om van die geestelike en emosionele trauma te herstel, asook om te besin oor die waarde van biblioteekmateriaal (boeke/e-hulpbronne).

6. Die WKOD moedig alle skole aan om elektronies aan die kompetisie deel te neem. Die volgende vrae moet die leerders se gedigte lei:

- **Hoe voel jy oor die COVID-19 pandemie?**
- **Hoe het dit jou en jou skool geraak?**
- **Hoe het dit jou, jou familie en vriende geraak?**
- **Hoe kan ons van hier af vorentoe beweeg, en hoe kan jou skoolbiblioteek help?**

7. Die onderwysers moet die gedigte bymekaarmaak en een inskrywing per skool e-pos aan alison.mentor@westerncape.gov.za.

8. Die kompetisie sluit op **Dinsdag, 30 November 2021**, en die wenners sal telefonies of via e-pos in kennis gestel word.

9. Die suksesvolle skole sal aankondig word, en die prysuitdeling sal op 'n datum plaasvind soos deur die WKOD bepaal.

10. Navrae oor die kompetisie asook die bepalings en voorwaardes kan gerig word aan Timothy Cloete by timothy.cloete@westerncape.gov.za.

11. Die volgende distriksamptenare van die WKOD kan oor skoolbiblioteekdienste gekontak word:

Janine Ontong	Skoolbiblioteekadviseur, Kaapse Wynland Onderwysdistrik	Tel. 023 348 4657
Lorné Erasmus	Skoolbiblioteekdiensbeampte, Overberg Distrik	Tel. 028 214 7386
Tirzah Arendse	Skoolbiblioteekdiensbeampte, Eden en Sentrale Karoo Distrikskantoor	Tel. 044 803 8377
Vernon Koen	Skoolbiblioteekdiensbeampte, Metro-Oos Distrik	Tel. 021 900 7049
Sinetemba Mdunyelwa	Skoolbiblioteekdiensbeampte, Weskus Onderwysdistrik	Tel. 021 860 1200

12. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokkenes te bring.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-11-03